# BAHons Afrikaans (01240165)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |
| **Kontak** | Prof WD Burger willie.burger@up.ac.za +27 (0)124206469 |

## Toelatingsvereistes

- ’n Baccalaureusgraad (of gelykwaardige kwalifikasie – met goedkeuring van die Senaat) met minstens 360 krediete. Minstens 94 krediete moet in Afrikaans en/of Nederlands behaal wees waarvan minstens 30 krediete op derdejaarsvlak moet wees.

## Ander programspesifieke inligting

Hoogstens 1 module uit die LCC-modulegroep kan in die program ingesluit word.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

### Afrikaanse taalkunde (4) 717 (AFR 717)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Rekenaarlinguistiek en korpuslinguistiek Die maniere waarop die rekenaar ingespan word in hedendaagse Afrikaanse taalondersoek word bekyk. Die gebruik van elektroniese korpora in die opstel van byvoorbeeld taalverwerwingskursusse en in taalkundige ondersoeke van allerlei aard (semanties, sintakties, morfologies, ens) word ondersoek. Navorsingsprojek word onderneem.

### Nederlandse letterkunde 775 (AFR 775)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Kulturele agtergrond van die Lae Lande; oorsig oor die Nederlandse en Vlaamse prosa en poësie.

### Inleiding tot die linguistiek 710 (LCC 710)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die aard van taal, taalkennis (grammatika), taalgebruik, taalverwerwing en taalverandering; komponente van die grammatika; analitiese en deskriptiewe konsepte en tegnieke.

## Afrikaanse skeppende skryfwerk 711 (AFR 711)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Afrikaanse skeppende skryfwerk*
Die vermoë om bellettristiese tekste (prosa en/of poësie) te kan skryf word ontwikkel deur die bestudering en toepassing van verskillende skryftegnieke en -strategieë in werkswinkelverband; vertaling van tekste; kritiese analise van gevestigde skrywers se werk mbt teks- en genrekenmerke en skryftegnieke; die skryf, herskryf en afronding van eie tekste; kritiese en kreatiewe beoordeling van eie en medestudente se tekste; bestudering van teorieë en opvattings oor kreatiwiteit en die skryfproses; kennis van die keurings- en publikasieproses en manuskripvoorbereiding.

## Afrikaanse taalkunde (1) 714 (AFR 714)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Afrikaanse historiese taalkunde*
Teoretiese oorsig van taalverandering in die algemeen en meer spesifiek toegepas op die ontwikkeling van Afrikaans. Spesiale aandag word ook gewy aan standaardisering en die konstruksie van identiteit.

## Navorsingsverslag 732 (LCC 732)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Deel 1 – Teoretiese basis: Die konsepte “wetenskap” en “navorsing”; die verhouding “teorie”, “navorsing”, “toepassing”; vorme van navorsing (oa deskriptiewe, empiriese, toegepaste); die navorsingsproses (van die navorsingsvoorstel tot die navorsingsverslag: identifikasie en formulering van die probleem, ontwikkeling van hipoteses, data insameling en -interpretasie, ens); die gebruik van die rekenaar in navorsing. Deel 2 – Toepassing: Beperkte navorsingsprojek waarin die beginsels van navorsingsmetodologie toegepas word. Kandidaat moet die onderwerp en formaat vir goedkeuring voorlê aan die departementshoof of sy verteenwoordiger.

## Afrikaanse taalkunde (2) 715 (AFR 715)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die Afrikaanse semantiek, leksikale semantiek en leksikologie 'n Grondige oorsig word gegee oor die ontwikkeling van die onderskeie vakgebiede. Taal, betekenis en konteks word in samehang beskou. Die kognitiewe semantiek word in besonderhede behandel. Kwessies eie aan Afrikaanse taalverskynsels en woordeskat word aangeraak.

## Afrikaanse taalkunde (3) 716 (AFR 716)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Kognitiewe grammatika:*

Daar word gekyk na die vooronderstellings van die kognitiewe linguistiek en een van die beskrywingsraamwerke in die veld, kognitiewe grammatika, word indrigend bestudeer. Verskillende morfologiese en sintaktiese konstruksies word daarna vanuit hierdie raamwerk beskryf sodat studente uiteindelik in staat sal wees om sulke beskrywings selfstandig te doen.

.

## Inleiding tot die algemene literatuurwetenskap 727 (LCC 727)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die plek, aard en funksie van die algemene literatuurwetenskap, navorsing (hermeneuties, empiries), toepassing, analise, interpretasie, evaluering en kanonisering; literêre sisteme (velde), capita selecta uit 20ste-eeuse perspektiewe op letterkunde en die bestudering van letterkunde; sleutelkwessies in die Algemene Literatuurwetenskap; primêre en sekondêre bronne.

## Afrikaanse prosa 756 (AFR 756)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 seminaar per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die vak behels seleksies uit die Afrikaanse prosatradisie. In oorleg met die studente word leerplan bestaande uit aantal oeuvre- en tematologiese studies saamgestel.

## Afrikaanse drama 718 (AFR 718)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

'n Studie van die Afrikaanse drama met toespitsing op die Afrikaanse toneel, radio, televisie en film. In oorleg met die studente word leerplan bestaande uit aantal oeuvre- en tematologiese studies saamgestel.

## Afrikaanse poësie 755 (AFR 755)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Afrikaans aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |

| | |
|---|---|
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Voëlvlug oor die Afrikaanse poësie van voor 1900 tot vandag; sisteme, periodisering, kanon(s) en kanoniseringsmeganismes, (hedendaagse) benaderingswyses en leesstrategieë, tradisies, gesprekke, oeuvres; intensiewe bestudering van enkele oeuvres/digbundels en temas.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.